



FEES VAN ST. JOSEF, DIE WERKER

GBED TOT DIE HEILIGE JOSEF - 1 MEI

Heilige Josef, u is die beskermheilige van almal wat hulle brood deur arbeid verdien; verkry vir my die genadegawe om pligsgetrou my werk te verrig en dankbaar te wees vir die werk wat ek kry.

Laat my vreugde put uit my arbeid en dit as 'n eer beskou om die talente wat ek van God ontvang het tot diens van my medemens te gebruik.

Staan my by as ek moeg raak en help my om altyd met geduld en in vrede te werk en nooit nalatig of slordig met my handewerk te wees nie.

Help my insien dat my daaglikse werk aangewend kan word as my beskeie deelname aan die opbou van God se koninkryk. Deur Christus, onse Here. Amen.